



# Die vyf domeine van DIEREWELSYN

deur Anri Strauss

Boere is geneig om bekommerd te raak as kenners begin praat oor dierewelsyn. Dit pla ons omdat daar soveel mense is wat 'n menslike persoonlikheid aan diere koppel en dus baie intense reëls en regulasies wil maak oor hoe ons diere mag hanteer. Maar dit is tog belangrik om ook te kyk na die ander kant van die saak en seker te maak jy doen wat reg is – en wat verbruikers vereis.

*(BLAAI OM)*

Die skrywer en veearts dr. James Herriot het 'n boek geskryf met die titel: "*If only they could talk*". Natuurlik kan diere praat. Welstand is die manier waarop diere met ons kommunikeer, ons moet net leer hoe om die taal te verstaan en daarna te luister.

Wêreldwyd word die Vyf Vryhede van Diere erken as die grondslag van dierewelsyn:

- vryheid van honger en dors;
- vryheid van ongemak;
- vryheid van pyn, beserings, en siektes;
- vryheid om natuurlik op te tree; en
- vryheid van vrees.

In 1994 het prof. David Mellor en dr. Cam Reid die vyf vryhede verder verfyn en dit omskryf as vyf domeine waarop mense kan fokus en wat alomvattend is vir dierewelsyn: voeding, omgewing, gesondheid, gedrag – en almal word saamgevat in die vyfde domein: geestelike welstand.

Figuur 1 toon elke domein met voorbeelde van die faktore waaraan mense onder elkeen aandag moet gee, asook die negatiewe gevolge wat elke domein op die geestelike welstand van diere het.



**Figuur 1:** Die vyf domeine van dierewelwyn

**Samevatting**

**Dit is duidelik dat daar baie faktore is waaraan 'n boer moet aandag gee om te verseker dat sy/haar diere se welstand verseker is. Met hierdie vyf faktore en domeine in gedagte, glo ek alle boere sal kan sorg dat hul diere basiese goeie welstand beleef.**

